Ark Blitz

Liewe Ouers
Baie keer moet God eers ons kom verander voordat ons Sy plandraers kan word. God wil ‘n hartverandering sien. Ons kyk na die 7de gebod.

(LES 22) ‘n DROOM WAT LEWENS VERANDER HET

Ons vertel vandag die verhaal asof ons Jakob is

Ek het besef die eersgebore reg en die gebruiklike seën van my pa, voor hy sterf, is baie belangrik en kosbaar. My ma het my gewaarsku dat Esau my wou doodmaak omdat ek hom en my pa bedrieg het. Esau het geskree van woede en hy het gesweer om my dood te maak sodra ons pa gesterf het. Om te dink, na alles wat ek verkeerd gedoen het, was my pa steeds bereid om my ’n tweede keer te seën! Net voordat ek gevlug het, het my pa my met hierdie woorde geseën: “God die Almagtige sal jou seën. Hy sal jou vrugbaar maak en jou ’n groot nageslag gee. Jy sal ’n baie groot volk word. Hy sal jou die seën laat toekom wat Hy aan Abraham gegee het. Jy en jou nageslag sal die land waarin jy woon as besitting ontvang, die land wat God aan Abraham gegee het.”Nadat ek my ouers gegroet het, het ek die pad na my oom Laban toe gevat. Julle besef natuurlik dat ek nou alles verloor het waarvoor ek so hard gewerk het. Ek het niks meer nie. Ek moes weggaan van my ma waarvoor ek so lief was. Ek het nie eens ’n kussing om op te slaap nie. Ek is van Berseba af weg na Haran toe. Teen sononder het ek by ’n plek gekom waar ek kon oornag. Ek het ’n klip vir ’n kopkussing gebruik en gaan lê en slaap. Ek het gedroom: ’n Leer staan op die aarde en die punt van die leer raak aan die hemel en engele van God klim op en af met die leer. Toe kom staan die Here by my sê: “Ek is die Here jou God van jou voorvader Abraham en Isak. Ek sal die grond waarop jy lê vir jou en jou nageslag gee. Hulle sal so baie wees soos die stof van die aarde en jy sal jou gebied na alle kante uitbrei en in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees. Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het.”

Kan jy jou indink hoe verbaas ek was toe ek wakker skrik, nie van ’n seer nek nie, maar omdat ek dadelik geweet het God het met my gepraat! My oupa en pa Isak het my altyd vertel dat God met hulle gepraat het maar nou het Hy met my gepraat! God bestaan regtig. Ek het die klip regop neergesit, olie daaroor uitgegooi. Daarmee wou ek sê, dat daardie plek vir my baie spesiaal was en altyd sal wees. Ek het ook die plek ’n naam gegee – Bet-El. Dit beteken “huis van God.” Daar het ek op my knieë neergeval en ’n belofte aan God gemaak.

Seën = Om God se guns, voorspoed,goeie wense aan ander oor te dra.